



OOR NUWE BOEKE

Deur

LOUISE BEHRENS

Ek het nog nie voorheen 'n buiteblad vir 'n Afrikaanse boek teengekom wat die gees van die boek só treffend vertolk soos dié wat Willem Jordaan ontwerp het vir Etienne le Roux se „Sewe Dae by die Silbersteins” nie. Mens kyk na die buiteblad en vind vir 'n paar oomblikke die ontwerp verwarrend. Dan besef jy skielik dat dit die gesig van 'n jong man voorstel — 'n seun wat met sy lippe half oop onseker en tog nuuskierig die lewe gadeslaan. Soos die buiteblad is, so is die stof wat in hierdie jongste roman deur een van ons belowendste skrywers ons aangebied word.

„Sewe Dae by die Silbersteins” het my bereik gelyktydig met André P. Brink se „Lobola vir die Lewe”. Le Roux se besadigde, suiwer styl het die fantasie van sy verhaal vir my aanneemlik gemaak en ek het my eenvoudig laat meevoer deur sy skitterende beskrywing. In „Lobola vir die Lewe” het ek steeds in opstand gekom teen die duisterheid van die prosa wat plek-plek net so moeilik word om te volg soos Joyce se wilde vlugte.

Die Silbersteins woon op die ou wynplaas Welgevonden wat deur hulle rykdom tot 'n model landgoed omskep is. Henry van Eeden, jong verloofde van Salome Silberstein, kom saam met sy oom, J. J. van Eeden, 'n opperste roue, na die plaas om kennis met sy aanstaande skoonfamilie te maak en om vir die eerste keer sy toekomstige bruid te sien. Hy sien haar eers heel aan die end van die boek nadat hy 'n soort inisiasie in die wêreld van die Silbersteins en hulle vriende deurgemaak en kennis met die wese van die Bose gemaak het.

Mens lees die verhaal teen die agtergrond van die een fuifparty ná die ander, almal skitterend vir ons beskryf. Elke aand word gaste onthaal — kunstenaars, boere, joernaliste, wetsgeleerdes, liberales en geesdriftige ondersteuners van geestelike herbewapening. Die wêreld waarin hulle verkeer is denkbeeldig — en tog plek-plek ongemaklik ná aan ons eie lewe. Met verbasende vaardigheid

word die een groteske figuur na die ander vir ons geskilder en terwyl ons die boek lees, leef hulle vir ons. Dis eers later dat ons troos soek in die gedagte dat hulle maar net figure in 'n boek is.

Le Roux se ryk fantasie oorweldig mens byna. Afrikaanse lesers wat nog nie voorheen kennis gemaak het met die rites van die Swart Mis en die Satansaanbidding nie, kry nou geleentheid om hieromtrent kennis op te doen. Die skrywer voer mens eenvoudig met hom mee, selfs op sy mees fantastiese vlugte. Jy wonder of die boek miskien 'n soort sinspeling is op Dante se reis deur die sewe sirkels van die Hel (met Satan self as gids en begeleier) en dan dink jy weer aan Orpheus se soektog deur die onderwêreld na sy verlore Eurydice. Maar moet daar noodwendig simboliek wees? Aanvaar die boek maar as die skone fantasie en geniet dit. Dit wemel van verwysings na die letterkunde, die mitologie, die sedes en gewoontes van ander volke en ander tye. Die boek is betreklik maklik om te lees want die prosa is direk en suiwer, sonder enige poging om eksperimenteel te wil wees. Maar of mens dit sommerk uit die staanspoor af gaan begryp en waardeer? Dit betwyfel ek. Dis een van die boeke wat jy oor en oor moet lees om alles daaruit te trek wat aangebied word. Niemand wat hierdie boek gelees het, sal weer kla dat ons romankuns by dié van Europese lande afsteek nie.

Opspraakwekkend maar . . . ?

Daar het seker nog nie voorheen in Afrikaans 'n roman verskyn wat soveel opspraak en argument gaan wek soos André P. Brink se „Lobola vir die Lewe” nie. In die eerste plek is dit 'n boek wat heelwat van die leser verg. Mnr. Brink het 'n hoë dunk van ons as lesers — hy verwag van ons net soveel kennis van die letterkunde en die mitologie as wat hy self besit. Hy eksperimenteer wild met die taal — gee ons bladsy op bladsy van wat vir die gewone leser maar net so goed Grieks kon gewees het — en skok ons telkens in geval ons miskien bietjie deur sy stortvloed van woorde gehipnotiseer word, weer

wakker met plat latrine-geskrifte of verwysings na die geslagsorgane wat mens eintlik verbaas, nie soseer omdat hulle gewaagd is nie maar omdat hulle effens banaal en stoutseunagtig voordoën. Baie lesers gaan die boek versigtig deursukkel om al hierdie „heerlike” stoutighede op te spoor. Ek het hulle onnodig vulgêr gevind.

Maar „Lobola vir die Lewe” is merkwaardig omdat dit vir ons twee van die reëlste figure beskryf wat ons nog in 'n Afrikaanse roman gegee is. Die versukkelde ou Serfontein, 'n impotente oudgediende met 'n vuil tong en 'n Christusagtige simpatie vir sy medemens, en Marie, die straatmeisie-mannekyn, wat die hooffiguur Francois liefkry, kan niemand wat die boek gelees het, ooit weer vergeet nie. Serfontein sien in die verhouding van die twee jongmense die vergoeding vir alles wat hy in sy misoes van 'n lewe moes prysgee. Marie pleeg uiteindelik selfmoord omdat sy Francois lief het en die rusies wat herhaaldelik tussen hulle voorkom, te veel vir haar word. Francois word van moord op haar verdink en Serfontein red hom uiteindelik deur voor te gee dat hy self die moordenaar was.

Uit 'n resensie kry mens nie 'n denkbeeld van die belangrikheid van die roman nie. Mens lees die boek eintlik nie — jy ondervind hom. Veral die slotgedeelte, waar Francois probeer om homself voor 'n denkbeeldige regter te regverdig, is uitstekend.

Beide „Sewe Dae by die Silbersteins” en „Lobola vir die Lewe” word deur Human en Rousseau uitgegee. Die firma het beslis die twee belangrikste romans van die jaar aan ons gegee maar of almal van ons hulle daarvoor dankbaar gaan wees, is minder seker.

Skryfsters Presteer.

Mense wat nou nie juis lus voel om met ingewikkelde grammatikale en styleksperimente te worstel nie maar wat tog na iets soek wat die moeite werd is om te lees, sal beslis meer hou van twee nuwe romans deur twee van ons belowendste skryfsters. Beide „Die Wilde Loot” deur Elize Muller en „Tiendes van Anys” deur Dot Serfontein, is goed beplan en lewensgetrou ofskoon hulle nou nie juis met sulke vlugte van verbeelding of sulke seksverwysings soos dié van Etienne le Roux of André Brink kan spog nie.

„Die Wilde Loot” is 'n prag van 'n boek. Dis die verhaal van die ommekeer wat in die lewe van 'n gesin op 'n klein dorp kom as die